Maandag
Mat. 3: 13 – 17, 5: 17 – 20’; Eseg. 36: 24 – 28. Teks: Esegiël 36: 27: “Ek sal sorg dat julle my vaste voorskrifte volg en dat julle my bepalings nakom en uitvoer." Tema: 'God maak God se wet vir ons sy verbondswet.'
Dít is die algemene ingesteldheid van mense teenoor die wet van God: “Ek probeer maar doen wat ek moet doen en sê maar ek is jammer as ek in die moeilikheid kom.” Hierdie deemoedige ingesteldheid teenoor God se wet wys dat die mense die wet van God sien en hoor as ‘n dreigement. Ons kan dit toets aan vers 37. Wanneer God hier sê dat Hy sal sorg dat ons sy vaste voorskrifte sal vol, nakom en uitvoer, dan hoor ons dit eerstens as ‘n dreigement soos in “ Ek sal sorg dat julle dit doen!” Wat ons nie maklik hoor nie is dat God in hierdie belofte onderneem om sy wet as die gemeenskapswet na sy verbondswet verander. Hierdie verandering is duideliker in presies dieselfde aankondiging van hierdie Abrahamsbelofte in Jeremia 31: 31 – 34. Jeremia stel uitdruklik dat hierdie verbond is ‘n nuwe een want die ou een het nie gewerk nie. En die ou een was die wet van God soos dit gegee en gewerk het as die wet van die gemeenskap. Dit is soos God vandag sy wet laat werk as die wet waardeur hy elke gemeenskap en die hele gemeenskap regeer volgens sy wet. Deur Jeremia kondig God aan dat Hy hierdie wet sy verbondswet maak en sal sorg dat die wet só die wet sal wees wat mense in hulle harte koester en aan vashou: dit sal die wet wees wat God self in ons binneste sal gee en op ons harte sal skryf as ons eie wet. Wanneer Christus dan verklaar dat Hy nie gekom het om die wet af te skaf nie, maar te vervul, dan stel die Here dat dit Hý, Jesus Christus, is wat die wet sy verbondswet in ons hart en verstand sal gee as ons eie wet. En met sy doop het die Here gewys hoe vervul Hy hierdie geregtigheid – Hy word in ons plek die onregverdige sondaar sodat Hy ons in sy plek vir God regverdig maak. Hý maak ons en ons liefde vir God met al die oortredings wat ons begaan, reg vir God. Só maak Christus die wet as wet vir die gemeenskap vir ons God se verbondswet.
Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za    Ds Petrus.

Dinsdag
Mat. 3: 13 – 17, 5: 17 – 20’; Eseg. 36: 24 – 28. Teks: Esegiël 36:27: “Ek sal sorg dat julle my vaste voorskrifte volg en dat julle my bepalings nakom en uitvoer." Tema: 'God maak God se wet vir ons sy verbondswet.' Hoe werk die 10 gebooie anders as dit God se verbondswet met sy kerk is en nie meer God se wet vir die gemeenskap is nie? Paulus beskryf die wet van God as gemeenskapswet in 1 Timoteus 1: 18 “Maar ons weet dat die wet van God goed is wanneer iemand dit op die regte manier gebruik ....”  Wanneer gebruik ons die wet van God op die regte manier? 1 Tim1:18 “ ... op  die regte manier gebruik omdat hy besef dat die wet nie bedoel is vir die regverdige nie, maar juis vir die wettelose en ongehoorsames, die goddeloses en sondaars, vir die onheiliges en wêreldlinge ...”  So is en laat God sy wet, die Tien Gebooie, elke dag in alle gemeenskappe oor die hele wêreld ŉ gemeenskapswet wees. God gebruik dit vir goddeloses en wetteloses as die magsmiddel waarmee Hy hulle verniel en onderdruk in hulle ongehoorsaamheid en sonde. God se wet teen goddeloses en wetteloses was en is nooit bedoel vir sy kerk, vir gelowiges nie, want hulle is die heiliges en die regverdiges. Wat is die verbondswet? God se verbondswet is die 10 gebooie waar God jou volgens Eseg. 36: 25 altyd rein laat

wees – dit is altyd heilig en regverdig vir Hom maak en laat wees. God dreig ons nooit as kerk om heilig en regverdig te wees nie. Hy máák ons in en deur Christus wat as sondaar in ons plek gedoop is, heilig en regverdig omdat ons nou in Christus se heiligheid en regverdigheid as mens met Hom deel. God se verbondswet is die wet waar God ons sy Gees in ons binneste gee. Waar Hy ons harte vervul met sy liefde, barmhartigheid, genade en goedheid en hierdeur ons die ingesteldheid gee om aan sy wet gehoorsaam te wees en Hy so ons weerspannigheid teen sy wet uit ons binneste wegneem (Eseg. 36: 26,27). Waar God sy verbondsbelofte - hoe Hy vir my God is en my sy kind laat wees - vervul (Eseg.36: 28), máák Hy sy wet vir my sy verbondswet. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za Ds  Petrus.

Woensdag
Mat. 3: 13 – 17, 5: 17 – 20'; Eseg. 36: 24 – 28. Teks: Esegiël 36: 27: "Ek sal sorg dat julle my vaste voorskrifte volg en dat julle my bepalings nakom en uitvoer." Tema: 'God maak God se wet vir ons sy verbondswet.' Christus Jesus verbind ons weer aan God se bedoeling vir ons as mens. Wanneer Christus stel dat Hy nie gekom het om die wet af te skaf nie, maar om die wet te vervul, dan stel Hy dat Hy die verbondsbeloftes van God vir ons vervul. Só vervul Christus vir ons die wet: Hy vervul vir ons en bind ons aan die bedoeling met God in sy wet. Hy laat my die beeld wees wat God vir en van my het. Hy laat my weer binne die bedoeling van God met my in sy wet leef. Die Here se bedoeling met sy wet is dat ek en my liefde vir God heilig en reg sal wees. Dit is die beeld wat God vir en van ons het – om heilig en reg vir sy liefde te wees. Dit is die inhoud van die verbondsbelofte: "Van al julle onreinhede en van al julle afgodsbeelde sal Ek julle reinig: reg en geheilig vir God se liefde" (Eseg. 36: 25). Dit wat die Here Jesus met ons doen wanneer Hy in ons plek as sondaar gedoop word om te wys Hy sal in ons plek gekruisig word: Hy laat ons deel in sy regverdigheid en heiligheid as mens en dan is ons dit so saam met hom vir God. Deur ons só heilig en regverdig te maak vir God, vervul die Here vir ons die wet. Want nou leef ons weer binne die bedoeling van die wet en is ons die beeld wat God van ons het – ons is reg en heilig vir sy liefde. Só sorg die Here Jesus dat ons sy vaste voorskrifte volg en sy bepalings nakom en uitvoer – Hy maak en laat ons weer die beeld wees wat God vir ons het, om heilig en reg vir sy  liefde te wees. Hy maak dat dit nie saak maak hoe ek sukkel met God se vaste voorskrifte en bepalings nie, en hoe gebroke en onvolledig hierdie gehoorsaamheid is nie, want Christus maak my vir God heilig en reg. In sy verbond verander God Homself vir ons van die skeidsregter van sy wet na die afrigter in sy wet. So maak God self sy wet vir ons sy verbondswet – Hy verbind ons anders aan sy wet as wat Hy die wêreld aan sy wet verbind. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za   Ds Petrus.

Donderdag
Mat. 3: 13 – 17, 5: 17 – 20'; Eseg. 36: 24 – 28. Teks Esegiël 36: 27: "Ek sal sorg dat julle my vaste voorskrifte volg en dat julle my bepalings nakom en uitvoer." Tema: 'God maak God se wet vir ons sy verbondswet.' Hoe werk dieselfde reëls anders vir 'n afrigter as vir 'n skeidsregter? 'n Afrigter bind jou binne die beeld wat hy vir en van jou as sy leerder het in. Hy bind jou in die bedoeling wat hy vir jou met jou talente, jou spel, jou posisie en jou toekoms het in, en dan rig hy jou af en oefen hy jou in sy beeld en bedoeling met jou. 'n Skeidsregter het geen beeld van jou of bedoeling met

jou nie maar bind jou aan die reëls van die spel deur jou prestasies aan jou toe te ken en jou vir oortredings te straf. Só werk die reëls (die wet) totaal anders tussen ‘n afrigter en sy leerders as wat dit tussen ‘n skeidsregter die spelers werk. ‘n Afrigter bind jou in en rig jou af in sy bedoeling met jou. ‘n Skeidsregter bind jou net vas aan die reëls sonder enige beeld van en bedoeling met jou. Die een oefen jou in sy bedoeling met jou. Die ander onderwerp jou net aan die wette. Jesus Christus vervul vir ons die wet deur ons weer in te bind in sý beeld vir en van ons: om vir sy liefde rein, reg en heilig te wees (Efe.2: 10, 4: 24, Kol. 3:10). Só maak die Here Jesus God se wet sy verbondswet vir ons. Om in God se beeld vir ons ingesluit te wees, verander die aard en werking van die wet van God van dreigemente-, veroordelings-, strafmaatreëls- en regulasies van die wet na verbondsvoorskrifte, verbondsbepalings, verbondsriglyne en verbondsverordeninge. Só vervul Christus God se Abrahamsbeloftes (Eseg. 36: 24 -28) vir en in ons: Hy maak God se wet vir ons vaste verbondsvoorskrifte en verbondsbepalings wat ons wil volg, nakom en uitvoer. (Eseg.36: 27) ‘n Afrigter se voorskrifte werk anders as ‘n skeidsregter se dreigemente. God gee verbondsvoorskrifte om ons te laat deel wees van die bedoeling en beeld van wat Hy van ons as sy kinders het. Deur sy vaste verbondsvoorskrifte oefen Hy jou in sy beeld en bedoeling. ‘n Skeidsregter gebruik dieselfde wette as dreigemente net om jou te dwing om die wette te onderhou. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za Ds Petrus

Vrydag
Mat. 3: 13 – 17, 5: 17 – 20’; Eseg. 36: 24 – 28. Teks: Esegiël 36: 27: “Ek sal sorg dat julle my vaste voorskrifte volg en dat julle my bepalings nakom en uitvoer." Tema: 'God maak God se wet vir ons sy verbondswet.' ‘n Afrigter werk met die reëls as bepalings. Hy ken jou as speler met talente en met sy bepalings oefen Hy jou in die plek, die rol en patroon waarin jy jouself ten volle kan uitleef. ‘n Skeidsregter werk net met veroordeling van jou foute om jou so te dwing om by die reëls van die spel te bly. God oefen ons in sy beeld oor die plek, rol en patroon wat Hý vir ons sien volgens hoe Hy ons gemaak het met verbondsbepalings, maar God oordeel die wêreld net volgens sy wet. ‘n Afrigter sien in homself hoe jy gaan ontwikkel, groei en presteer en met riglyne oefen hy jou in die toekoms wat hy vir jou sien. ‘n Skeidsregter gebruik die reëls om oortredings te straf en prestasies te beloon. God oefen ons in sy wet as verbondsriglyne waarin Hy ons ontwikkel in die toekoms wat Hy vir ons sien. Die wêreld het geen toekoms by God nie en daarom straf en beloon God ongelowiges volgens hul optredes. ‘n Afrigter sien sy leerling altyd as deel van sy span en daarom werk hy met die reëls as verordeninge. Deur sy verordeninge skep hy orde tussen die spanlede sodat elkeen sy regmatige plek tussen en saam met die ander in die span kan vind om as een liggaam te kan funksioneer. ‘n Skeidsregter werk met die reëls as regulasies. Hy reguleer net die gang van die spel en het geen saak met die wanorde of orde in ‘n span nie. God werk met sy wet met gelowiges as verbondsverordeninge en laat ons so leef in die orde wat Hy sien vir die lede sy kerk as een liggaam. God regeer die wêreld met sy wet as regulasie om net die gang van die wêreld binne sy wet te hou. Deur ons in te sluit in die beeld en bedoeling wat Hy met ons as sy kinders het, laat God sy wet vir ons verbondsvoorskrifte, verbondsbepalings, verbondsriglyne en verbondsverordeninge wees. So verander Christus die wet van God vir ons as sy kinders van die

gemeenskapswet om vir ons God se verbondswet te wees en ons so te oefen in sy beeld vir ons as sy kinders. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za   Ds Petrus.

Saterdag ekstra
Mat. 3: 13 – 17, 5: 17 – 20'; Eseg. 36: 24–28. Teks: Esegiël 36: 27: "Ek sal sorg dat julle my vaste voorskrifte volg en dat julle my bepalings nakom en uitvoer." Tema: 'God maak God se wet vir ons sy verbondswet.' God skep in ons harte geloofsgehoorsaamheid deur Homself vir ons, ons Afrigter te maak en nie ons skeidsregter te wees nie. Dit is die verbondsbelofte dat God ons 'n nuwe hart van vleis sal gee, 'n menslike hart, en ons ou kliphart, ons onmenslike hart, sal wegvat (Eseg. 36:26). Gehoorsaamheid is om God se wet as verbondsvoorskrif te volg, as verbondsbepaling na te kom en as verbondsverordening uit te voer. Dit is iets totaal anders as om jouself net aan die wet van God deemoedig, gedienstig en ondergeskik te onderwerp. Ondergeskiktheid is selflose onderwerping aan die wet. Gedienstigheid is willose onderwerping aan die wet. Deemoedigheid is karakterlose onderwerping aan die wet. Navolging, nakoming en uitvoering is om selfbewus God se wet met jou hele hart, siel, en verstand te gehoorsaam. Paulus beskryf hierdie verbondsgehoorsaamheid as "geloofsgehoorsaamheid" in die brief Romeine (Rom.1: 5, 16: 26) en stel dit in die hele brief Romeine direk téénoor "werke van die wet", "wetsonderhouding" (1983 vertaling) of "onderhouding van die wet." (Rom. 3: 20), wat die gedienstige onderwerping aan God se wet is, maar nooit gehoorsaamheid kan wees nie. Gehoorsaamheid is altyd uit die geloof in die beeld en bedoeling wat God van en vir my het en daarom is geloofsgehoorsaamheid altyd die navolg, die nakom en uitvoer van God se wil in die geloof dat ek ingesluit is en leef in God se bedoeling vir my. Dit is wat Jesus Christus met God se wet gedoen het. Hy het dit vervul. Vervul deur God se verbond met en in ons waar te maak dat God ons Afrigter en nie ons Skeidsregter is soos Hy vir die res van die wêreld is nie. Jesus Christus laat ons weer volkome reg en heilig wees vir God se liefde en so weer God se beeld wees. In hierdie geloof wie Hy my vir Hom laat wees, hoor ek nou God se wet as verbondsvoorskrif, verbondsriglyn, verbondsbepaling en verbondsverordening en daarom volg ek dit, kom ek dit na en voer ek dit uit. God se wet kan nooit weer vir ons net 'n wet wees sonder bedoeling en sonder dat ons God se beeld is nie. Ek luister omdat ek glo in hoe God my in Homself sien – sy kind. So leef ons geloofsgehoorsaam en nooit gedienstig ondergeskik nie. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za   Ds Petrus.